**Fledderman, H T, 1995 — Mark and Q**

Leuven: University Press. 307 Bladsye. Prys: onbekend

**Resensent: *Ds Gerhard Nel (Pretoria)***

Wat nuut is in Fleddermann se studie oor die verband tussen Markus en Q, is dat die skrywer al die oorvleuelende tekste tussen bogenoemde twee bronne nagaan. Voorts poog hy dan om die oorvleueling te onderskei van ooreenkomste tussen Markus en Q wat hy 'minor agreements' noem. Fleddermann glo vorige navorsers het altyd die fout begaan om bogenoemde twee sake nie duidelik genoeg te onderskei nie. Hy erken dat daar baie moeilik konsensus kan wees oor die presiese aantal tekste wat oorvleuel. Hy self stel 'n totaal van nege-en-twintig oorvleuelende tekste voor.

Fleddermann volg die volgende werkwyse: Hy rekonstrueer eerstens die Q-vorm van elke oorvleuelende teks en vergelyk laasgenoemde met Markus, en gebruik in die proses die tradisiegeskiedenis om te bepaal watter van die tekste die oudste is. Vervolgens gebruik hy dan die redaksiekritiek om te be-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

paal of die jonger teks uit die ouer teks ontstaan het. Fleddermann glo die vergelyking van Markus met Q is veral belangrik in die lig van Q-navorsers se resente aandrang dat Q 'n evangelie is. Dit gaan dus nie nou meer bloot oor die vergelyking van twee bronne Markus en Q nie, maar oor die verband tussen die eerste twee Christelike evangelies.

Fledderman stel die resultate van sy studie as drieledig:

* Hy kom eerstens tot die gevolgetrekking dat Markus telkens sekondêr ten opsigte van Q is waar die twee dokumente oorvleuel.

* Op verskeie plekke waar Markus en Q oorvleuel, toon Markus kennis van die Q en dié se redaksie.

* Die verskille tussen Markus en Q in die oorvleueling van hulle tekste ontstaan as gevolg van Markaanse redaksie.

Fledderkmann glo bogenoemde gevolgtrekkinge verfyn die tweebronne hipotese. Waar voorheen gestel is dat Markus en Lukas Markus en Q gebruik het, stel Fleddermann dat die hipotese uitgebrei moet word om aan te dui dat Markus ook Q gebruik het. Volgens Fleddermann bevestig sy studie die belangrikheid van Q as die vroegste voorbeeld van die evangelie-genre. Die teenoorgestelde geld natuurlik wat Markus betref. Markus het die ouer Q gebruik.

In 'n waardevolle waardering van Fleddermann se standpunt deur F Neirynck (wat ook in die werk ingesluit is), dui laasgenoemde op heelwat twyfelagtige gevolgtrekkings en denkwyses deur die skrywer. Hierdie werk is vir die huidige die mees volledige wat die studie van Markus en Q betref. Miskien is die grootste waarde daarvan daarin geleë dat dit 'n handige instrument is vir verdere studie op die tema eerder as wat dit voldoende en oortuigend die hipoteses bewys waarop hy aanspraak maak.